


Soteria bied aan:

WOORDVERKLARING

deur Stephen Smith



SOTERIA

Soteria bied aan:

WOORDVERKLARING

deur Stephen Smith



SOTERIA

Posbus 4882, Rietvalleirand, 0174, Pretoria, Suid-Afrika
Omslag ontwerp en gedruk deur Soteria,

Eerste uitgawe
Eerste druk – Augustus 2010

© Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag versprei of gereproduseer word op enige manier, meganies of elektronies, insluitende fotokopiëring, laserskyf- of bandopnames, of enige ander stelsel van inligtingsbewaring, sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie.

Skrifverwysings uit:

Die Bybel in Afrikaans © 1953, die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Die Bybel in Afrikaans © 1983, die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
Die Boodskap © 2002, Christelike Uitgewersmaatskappy, Suid-Afrika.

THE AMPLIFIED BIBLE, Old Testament, copyright © 1965, 1987, Zondervan Corporation.
The Amplified New Testament, copyright © 1958, 1987, The Lockman Foundation.
The Living Bible, copyright © 1971, Tyndale House Publishers.

Vir meer inligting oor Soteria:
Posbus 4882, Rietvalleirand, 0174, Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: seuns@soteria.org.za
Webblad: www.soteria.org.za

INHOUDSOPGAVE

Hoofstuk 1	5
Hoofstuk 2	11
Hoofstuk 3	13
Hoofstuk 4	15
Hoofstuk 5	17
Hoofstuk 6	19
Hoofstuk 7	21

DAAGLIKSE BELYDENIS

Vandag gaan ek en jy saam Woordverklarings maak en God se Woord bely. Hierdie is dieselfde verklarings wat ek elke dag oor jou bid. Indien jy hierdie konsekwent sal doen, sal dit jou lewe verander! In die middel van elke aanslag sal jy bonatuurlike sukses ervaar. Waar jy gaan sal jy guns hê. Waar ander sukkel om kop bo water te hou, sal jy voorspoedig wees. Maar! Die sleutelwoord hier is: **KONSEKWENTHEID!**

God se Woord werk altyd, en dit sal ook vir jou werk. Ek weet dit, want God se Woord belowe dit; ek en Truandi ervaar dit in elke area van ons lewe. God se beloftes is ja en amen! Wanneer jy God se Woord glo en hierdie beloftes oor jou lewe uitspreek, sal God elke negatiewe situasie wat jy vandag in die gesig staar verander. God se Woord het die krag om dit vanself tot vervulling te bring. Dit is nie ons werk om God se Woord te volbring nie, ons moet dit net oor elke aspek van ons lewe spreek en verklaar. Hierdie is nie 'n formule nie, dit is 'n lewenstyl.

Hierdie beloftes van God is vir jou! Toe jy Jesus die Heer van jou lewe gemaak het, het al die beloftes in God se Woord joune geword. Hierdie is **DIE GOEIE NUUS!** Stap vandag uit in geloof, vol vertroue en bely God se Woord oor jou lewe met vertroue en groot afwagting!

In die naam van Jesus neem ek 'n besluit, en maak ek volgens **Job 22:28** die volgende **VERKLARING**. Dood en lewe is in die mag van die tong. Ek verklaar in die Naam van Jesus dat my lewe gaan verander omdat wat ek sê en spreek gaan verander en in lyn kom met God se Woord.

- **My gesin**

Vader, ek dank U dat ek en my gesin geseën is met alle geestelike seëninge in die hemel in Christus.

Deur verstand word my huis, my gesin gebou en deur insig word sy fundamente gelê. Deur kennis word sy kamers gevul met allerhande kosbare en mooi goed. In die huis van die regverdige is daar groot rykdom. Goddeloses val en dit is klaar met hulle; maar die nageslag van die regverdige bestaan voort. Daarom is daar oervloed en rykdom in my huis in Jesus naam. **Psalm 112**

Omdat ek en my huis na U toe kom en U Woord in ons harte bewaar en daarop mediteer. Daarom sal ons huis stewig op die rots gebou word. Jesus is die hoeksteen van ons huis. Jesus is die Heer van my huishouding. Jesus is ons Heer – in gees, siel en liggaam.

In alles wat ons doen, sal ons van harte doen soos vir die Here en nie vir die mense nie. Ons het mekaar lief, want ons weet dit is die band wat ons tot volmaakte eenheid saambind. Daarom sal die vrede van Christus in ons lewens die deurslag gee. Ek vertrou my huis aan God toe en aan die woord van Sy genade. Die Woord is magtig om ons op te bou en ons te laat deel hê in die seën wat Hy aan ons as gelowiges as erfdeel belowe het.

Here, ons erken en verwelkom die teenwoordigheid van die Heilige Gees in ons huis. U Goddelike krag het ons huis alles geskenk wat ons nodig het om te lewe. Dit kom deurdat ons U ken wat ons geroep het deur U heerlijkheid en mag.

Ek verklaar U Woord na aanleiding van **Jesaja 32:20: *Ons sal in rustige plekke woon, in veilige wonings, op plekke waar daar rus is en geen sorge nie.***

Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien – halleluja!

- **Bekommernis en vrees**

Ek verklaar in die Naam van Jesus dat elke wapen wat teen my gesmee word, niks sal uitrig nie. Vrees en terreur sal saamstaan en teen my wil opstaan, maar elke vesting wat teen my sal wil opstaan word neergewerp en elke plan word verbreek. Ek sal nie vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg, vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie. Geen onheil sal my tref en geen plaag naby my woning kom nie.

Ek is die liggaam van Christus en Satan het geen houvas oor my nie. Ek oorwin die Bose deur die goeie. **1 Kor. 12:27; Rom. 12:21**

Ek is deel van God se familie en ek behoort aan Hom. Ek het Satan oorwin omdat Hy wat in my is, groter is as hy wat in die wêreld is. **1 Joh. 4:4**

Ek sal geen onheil vrees nie, want die Here is met my. U Woord en U Gees vertrou my. **Ps. 23:4**

Verdrukking en verskrikking is ver van my af, ek sal nie vrees nie, want dit sal nie naby my kom nie. **Jes. 54:14**

Geen wapen wat teen my gebruik word sal suksesvol wees nie, want dit is my erfdeel as geregtigde van die Here. Dit gaan goed met my. Wat ek ookal doen, voer ek voorspoedig uit want ek is soos 'n boom wat geplant is by waterstrome. **Jes. 54:17; Ps. 1:3**

Christus het Homself vir my gegee. Daarom is ek uit die kloue van hierdie sondige wêreld gered volgens die wil van God... **Gal. 1:4**

Ongelukke, rampe en ernstige siektes sal my en my huis nie tref nie. U self bewaar my; want U het U engele aangaande my bevel gegee om my te bewaar op al my weë. **Ps. 91:10-11; Spr. 12:28**

Ek is 'n dader van God se Woord en geseënd in al my dade. Ek is gelukkig in wat ek doen omdat ek 'n dader van God se Woord is. **Jak. 1:22**

Ek neem die skild van geloof op waarmee ek al die vurige aanvalle van die Bose teen my afkeer. **Ef. 6:16**

Ek is meer as 'n oorwinnaar deur die bloed van die Lam en deur die woord van my getuienis. **Openb. 12:11**

Die duiwel slaan op die vlug, weg van my af omdat ek hom weerstaan. **Jak. 4:7**

Die Woord van God staan vir ewig vas in die hemele. Daarom bevestig ek sy Woord ook hier op die aarde. **Ps. 119:89**
My kinders het vrede en voorspoed, want hulle word deur die Here self geleer. **Jes. 54:13**

Ek verklaar in die Naam van Jesus dat God die Vader my beskerm en bewaar.

• **Materiële behoeftes**

Vader, in die Naam van U Seun Jesus Christus, bely ek U Woord oor my finansies. Soos wat ek dit doen, spreek ek dit met my mond en glo ek dit met my hart. Ek weet dat U Woord nie na my ledig sal terugkeer nie, maar doen wat my behaag en voorspoedig wees in alles waartoe ek dit sal stuur.

Ek verklaar ek is skuldvry, vir altyd! Ek het voorkeurbehandeling en ek wandel in die guns van die Here, en in die vertroosting en gerief van die Heilige Gees. Ek verwag onvoorsiene inkomste wat na my kant toe aankom – NOU! Ek is geseën om weer op my beurt 'n seën vir ander te wees. Ek aanvaar die roeping van Abraham op my lewe. Finansies sal tot en deur my vloei. Ek is 'n verspreider van God se finansies. Ek sal gereeld sê: **Groot is die Here wat 'n behaer het in die welvaart van sy kind!** My oes is oorvloedig!

Christus het my losgekoop van die vloek van die wet. Christus het my losgekoop van armoede, Christus het my losgekoop van siekte, Christus het my losgekoop van die geestelike dood. **Gal. 3:13; Deut. 28**

In plek van armoede het Hy my skatryk gemaak, vir siekte het Hy my heelheid gegee, Hy het gekom dat ek die lewe en oorvloed kan hê. **2 Kor. 8:9; Joh. 10:10; Joh. 5:24**

Volgens U Woord, is dit waar en is dit dan so vir my. **Ps. 119:25**

Ek verlustig my in die Here; en Hy gee aan my die begeertes van my hart. **Ps. 37:4**

Ek het aan ander gegee. God sorg vir my. Ek sal nooit te min hê om van te leef nie. Ek is van kop tot tone oorlaai met goeie dinge. Ja, my ganse lewe loop oor van goedheid. Al die goeie dinge wat ek met ander gedeel het, kom op verrassende maniere na my toe terug. **Lukas 6:38**

In watter mate ek saai, sal ek ook maai. Daarom saai ek volop en sal ek ook volop maai. Ek gee my geld met blydschap, daarom laat God my in al sy goedheid deel. Hy oorlaai my met sy genade sodat ek altyd oorgenoeg van alles het. Ek het nou geen gebrek op materiële gebied nie. Daarom sal ek altyd goed doen en ander mense help. Ja, my lewe loop oor van vrygewigheid en goeie werke. **2 Kor. 9:6-8**

Daar is dan nou geen tekort in my lewe nie, want my God sal elke behoefte van my vervul na sy rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus. **Fil. 4:19**

Die Here is my Herder; NIKS SAL MY ONTBREEK nie, want Jesus het terwille van my, armoede op Hom geneem sodat ek nou lewe en oorvloed kan hê. **Ps. 23:1; 2 Kor. 8:9; Joh. 10:10**

Ek heers soos 'n koning saam met Jesus omdat ek God se oorvloedige goedheid en sy vrypraak deur Jesus Christus ontvang het. **Ps. 35:27; Gal. 3:14**

In die Naam van Jesus glo ek dat al my behoeftes voorsien is volgens U rykdom in heerlijkheid deur Christus Jesus. Ek glo dit, want ek gee tiende en offergawes. Daarom sal daar nou ook 'n goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, in my skoot gegee word, want met dieselfde maat waarmee ek meet, sal weer vir my gemeet word. Vader, ek dank U dat U dienende engele nou vry is om namens my te werk om die nodige finansies vir my in te bring. Ek erken dat U 'n helpende hand is in tye van nood, en dat U meer as genoeg is. Ek bely dat U genade oorvloedig oor my is sodat ek altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk.

• Genesing en heelheid

Ek praat met my fisiese liggaam, en ek verklaar in die Naam van Jesus dat my liggaam funksioneer tot die volkomenheid, die volmaaktheid soos God dit aanvanklik geskep het. Christus het my losgekoop van die vloek van die wet deur vir my 'n vloek te word. Daarom weerstaan ek enige siekte en kwale wat in en op hierdie liggaam wil kom. Elke kiem en virus wat met my liggaam in aanraking kom sterf onmiddellik in Jesus Naam. Elke orgaan en elke weefsel van my liggaam funksioneer volkome soos wat God dit gemaak het om te funksioneer. **Gal. 3:13; Rom. 8:11; Matt. 16:19**

Jesus is die Heer van my lewe. Siekte en kwale het geen houvas oor my nie. My sonde is vergewe daarom is ek nou dood vir die sonde en veroordeling. Jesus het my versoen in die liggaam van sy vlees deur die dood, om my heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom te stel. **Kol. 1:21, 22**

Jesus het my sondes in sy liggaam op die kruishout gedra, sodat ek die sonde kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde ek nou genees is. **1 Pet. 2:24; Rom. 6:11; 2 Kor. 5:21**

Jesus het my siekte en pyn op Hom geneem. Daarom gee ek nou geen plek in my liggaam vir siekte of pyn nie. Hy het sy Woord uitgestuur, en my gesond gemaak. **Ps. 107:20**

Here, U het my die lewe in oorvloed gegee. Ek ontvang nou daardie lewe deur U Woord want dit is gees en lewe. U Woord vloei deur elke orgaan van my liggaam en dit bring genesing en heelheid. **Joh. 10:10; Joh. 6:63**

My oë is op God se Woord gevestig. Ek sal nie toelaat dat die Woord van God uit my oë wyk nie. Ek het die Woord my eie gemaak en dit is die lewe vir my, en genesing vir my hele liggaam. **Spr. 4:21-22**

Ek is verlos van die vloek. **Galásiërs 3:13** vloei deur my bloedstroom. Dit vloei deur elke sel van my liggaam, en herstel lewe en heelheid. **Markus 11:23; Luk. 17:6**

My liggaam is die tempel van die Heilige Gees. Ek beveel my liggaam om die regte chemikalieë vry te stel. My liggaam is in perfekte chemiese balans. **1 Kor. 6:19**

Dit wat nie van God is nie word nou opgelos en uit my liggaam ontwortel in Jesus Naam. **1 Petrus 2:24** is in elke weefsel van my wese ingegraveer en ek leef met die lewe van God in my. **Markus 11:23; Joh. 6:63**

Vader soos wat ek U Woord nou verklaar, maak die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus my nou vry van die wet van die sonde en die dood, en glo ek dat U Woord nou lewe in my liggaam voortbring. **Rom. 8:12**

• Wysheid en leiding

Ek het wysheid! Die Gees van die waarheid bly in my. Daarom weet ek lei Hy my in die waarheid en leer my alles. Ek bely ek het wysheid vir elke situasie en elke omstandigheid waarteen ek te staan kom want ek het die wysheid van God. **Joh. 16:13; Jak. 1:5**

Ek vertrou op die Here met my hele hart en steun nie op my eie insig nie. **Spr. 3:5**

Die Here help my want ek vertel Hom alles waaroor ek dink, en alles wat ek wil doen. **Spr. 3:6**

U Woord wys my presies hoe ek moet leef . Dit is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad. **Ps. 119:105**

Die Here sal dit vir my voleindig! **Ps. 138:8**

Daarom laat ek die Woord van Christus ryklik in my woon in alle wysheid. **Kol. 3:16**

Ek volg die Here, want ek ken sy stem. Vreemdelinge sal ek nooit volg nie. **Joh. 10:4, 5**

Jesus het vir my geword wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing. Daarom bely ek nou: ek het die wysheid van God, my verhouding met God is nou herstel deur Christus want ek is die geregtigheid van God in Jesus. **1 Kor. 1:30; 2 Kor. 5:21**

Ek is vervul met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig. **Kol. 1:9**

Ek is 'n nuwe skepsel in Christus, geskape tot goeie werke wat God vir my voorberei het. Ek het die sin van Christus en ek ken die wysheid van God nou deur en deur. **2 Kor. 5:17; Ef. 2:10; 1 Kor. 2:16**

Ek het die ou mens met sy werke afgelê en my met die nuwe bekleed. Nou is ek nader aan God. Ek ken Hom. Hoe beter ek Hom leer ken, hoe meer word ek soos Hy. God het my gemaak om soos Christus te wees. **Kol. 3:10**

Ek ontvang nou die Gees van wysheid en openbaring in die kennis van Christus. Ek word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van my denke. My denke is deur die Woord vernuwe! **Ef. 1:17-18; Rom. 12:2**

• **Vertrouing en krag**

Ek groei in die kennis van God. Ek is met alle krag bekragtig volgens die mag van sy heerlijkheid. **Kol. 1:10-11**

Ek is verlos uit die mag van die duisternis en ek is oorgebring in die koninkryk van God se geliefde Seun. **Kol. 1:13**

Ek is uit God gebore, en het deur geloof die wêreld oorwin. Groter is Hy wat in my is, as hy wat in die wêreld is. **1 Joh. 5:4-5; 1 Joh. 4:4**

Ek is nou tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee. **Fil. 4:13**

My blydschap in die Here is my beskutting. Die Here is my lig en my heil. Hy is die toevlug van my lewe. **Neh. 8:11; Ps. 27:1**

Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, bewaar my hart en denke. Ek bedink alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is. Watter deug en watter lof daar mag wees, ek bedink dit. **Fil. 4:7-8**

My verhouding in Jesus word in alles net sterker. Ek is al hoe meer van Christus afhanklik. In liefde praat ek net die waarheid, en groei ek in Hom wat die Hoof is. **Ef. 4:15**

Geen vuil woord kom by my mond uit nie, maar net woorde wat goed is vir die nodige stigting en vir ander iets beteken. Ek bedroef nie die Heilige Gees nie, want dit is die bewys dat ek aan God behoort tot op die dag van verlossing. **Ef. 4:29, 30**

My Vader self kyk na my en niemand sal my uit sy versorgde hand kan ruk nie. **Joh. 10:29**

Ek is oor niks besorg nie want die vrede van God heers in my hart. **Kol. 3:15**

Die Here is aan my kant. Hy woon in my, wie sal teen my kan opstaan? Hy het vir my alles gegee wat lei tot die oorvloedige lewe. Hy het alles vir my gegee wat ek nodig het om tot God se eer te leef. Ek is nou 'n deelgenoot van die goddelike natuur. **Rom. 8:31; 2 Kor. 6:16; Joh. 10:10; 2 Pet. 1:3-4**

Ek is 'n gelowige, daarom sal hierdie tekens my volg. In die Naam van Jesus sal ek duiwels uitdryf, met nuwe tale sal ek praat. Op siekes sal ek my hande lê, en hulle SAL GESOND word. **Markus 16:17-18**

Jesus het my die outoriteit gegee om sy Naam te gebruik. Dit wat ek op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat ek op die aarde ook mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees. In die Naam van Jesus bind ek nou elke owerheid, elke mag, elke wêreldheerser van die duisternis, elke bose gees in die lug. Ek werp elke vesting neer, en ek verbreek elke plan en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God. **Matt. 16:19; Matt. 18:18; Ef. 6:12; 2 Kor. 10:4-5**

Ek het die volheid van Christus in my wat die Hoof is van alle owerheid en mag. Ek is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God vir my voorberei het, sodat ek daarin kan wandel! **Kol. 2:10; Ef. 2:10**

GEBED VAN OOREENSTEMMING TUSSEN DIE SEUNS VAN SOTERIA HUIS

Vader, in die naam van Jesus glo ek dat U vir ons sal sorg deur aan ons te gee wat ons nodig het vir SOTERIA HUISHOUDING. Dit sal U doen omdat ons aan Christus behoort. Ons glo dit omdat SOTERIA graag met ander deel. Ons sal nooit te kort hê nie. Ons is van kop tot tone oorlaai met goeie dinge. Ja, ons ganse lewe loop oor van goedheid. Al die goeie dinge wat SOTERIA HUISHOUDING met ander deel, sal op verrassende maniere na hierdie HUIS terugkom.

Vader, in die naam van Jesus bid, verklaar en glo ons volgens U Woord dat SOTERIA wat die geestelike saad (die Woord) gesaai het, ook nou van ons (die seuns) stoflike lewensonderhoud sal maai. So het U dan bepaal dat die wat die evangelie verkondig, hulle lewensonderhoud uit die verkondiging van die evangelie moet ontvang.

Ons verklaar dan dat U bedienaars van Soteria U soek, en die vrûg wat oorvloedig word op ons rekening. Ons saad is nou 'n lieflike geur, 'n welgevalle offer, welbehaaglik voor God. Daarom sal U vir ons gee wat ons nodig het. U sal in elke behoefte van ons (as seuns) ryklik voorsien volgens U wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.

Vader, ons roep seuns wat sal reageer op U roep om hierdie Huis te ondersteun en die visie en mandaat wat ons van U ontvang het te dien.

Ons doen voorbidding vir Stephen en Truandi dat hulle deur U Gees gelei word. Wys hulle U weg en leer hulle die standvastigheid wat U Woord bied. U Woord is die waarheid. U salwing wat elke las lig en juk breek bly in hulle. Daarom sal hulle die waarheid ken, en die waarheid maak hulle vry.

Vader, in die Naam van U Seun Jesus Christus, bely ek U Woord oor my finansies. Soos wat ek dit doen, spreek ek dit met my mond en glo ek dit met my hart. Ek weet dat U Woord nie na my ledig sal terugkeer nie, maar doen wat my behaag en sal voorspoedig wees in alles waartoe ek dit sal stuur. Ek dank U dat U dienende engele nou vry is om namens ons te werk om die nodige finansies en voorsiening in te bring.

Ek erken dat U 'n helpende hand is, en dat U meer as genoeg is. Ek bely dat U genade oorvloedig oor ons is sodat ons altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk.

Ek het wysheid! Die Gees van die waarheid bly in my. Daarom weet ek lei Hy my in die waarheid en leer my alles. Ek bely ek het wysheid vir elke situasie en elke omstandigheid waarteen ek te staan kom want ek het die wysheid van God.

Ek vertrou op die Here met my hele hart en steun nie op my eie insig nie.
Die Here help my want ek vertel Hom alles waaroor ek dink, en alles wat ek wil doen.

U Woord wys my presies hoe ek moet leef – dit is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.

Jesus het vir my geword wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing. Daarom bely ek nou: ek het die wysheid van God, my verhouding met God is nou herstel deur Christus want ek is die geregtigheid van God in Jesus. Ek is vervul met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike insig.

Ek ontvang nou die Gees van wysheid en openbaring in die kennis van Christus. Ek word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwung van my denke. My denke is deur die Woord vernuwe!

Ek het wysheid! Die Gees van die waarheid bly in my. Daarom weet ek lei Hy my in die waarheid en leer my alles. Ek bely ek het wysheid vir elke situasie en elke omstandigheid waarteen ek te staan kom want ek het die wysheid van God.

Ek glo dat ons volop het, en meer om te gee – Amen!

Skrifverwysings:

Lukas 6:38
I Korinthiërs 9:11-14

I Johannes 2:27
I Timóteüs 2:1-3

Joh. 16:13; Jak. 1:5
Spr. 3:5

Filippense 4:17-19
Matthéüs 9:38
Jesaja 10:27
Ef. 1:17-18; Rom. 12:2

Johannes 8:32
I Korinthiërs 9:8
Hebreërs 1:14
Joh. 16:13; Jak. 1:5

I Kor. 1:30; 2 Kor. 5:21
Spr. 3:6
Ps. 119:105

- 3 -
ONS LAND

Vader, in die naam van Jesus bring ons vandag ons land Suid Afrika en haar leiers voor U. U sê in U Woord dat U berispe leiers vir ons ontwil sodat ons 'n stil en rustige lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid.

Ons bid vir bekwame en goddelike wysheid in die harte van ons land se leierskap, en dat kennis vir hulle aangenaam sal wees, en diskresie oor hulle waak en wysheid hulle staande sal hou en bevry van die weg van euwel.

Ons bid dat opregtheid sy woning in ons regering sal maak, dat manne en vroue van integriteit, onberispelik en volkome in U oë blywend sal bly. Dat boosheid afgesny sal word en verraderlikheid uitgeroei sal word. Ons verklaar dat goedertierenheid en barmhartigheid, waarheid en getrouheid, die in outoriteit bewaar en omvou en hul ampte word verdedig deur lojaliteit.

Vader, ons bid dat U die president sal omring met manne en vroue wat hulle harte en ore spits tot goddelike wysheid en raad en sal doen wat welvoeglik in U oë is. Ons bely en glo dat die besluite wat deur ons leiers gemaak word, is onder U leiding gemaak is. Vader, ons bid dat hulle monde sal nie oortree in oordeel nie, daarom verklaar ons in geloof dat ons leiers is manne en vroue met onderskeidingsvermoë, insig, en kennis. Daarom sal die stabiliteit van Suid Afrika behoue bly. Ons bid die wat U vrees en in U geregtigheid staan, so ook in outoriteit in Suid Afrika staan.

Vader, dit is afskuwelik vir leiers om hulle toe te wei aan euwel. Ons bid dat die ampte waarin hulle staan gevestig sal word en standvastig sal wees in geregtigheid en dat wyse beslissings op die lippe van ons leiers sal wees; in die regspraak handel hulle mond nie ontrou nie.

Ons bid en glo dat die goeie nuus van die Evangelie deur hierdie land verkondig sal word. Ons dank U vir arbeiders wat die oes insamel, wat U Woord verkondig dat Jesus is Heer van Suid Afrika. Ons dank U dat U intersessors oprig wat vir Suid Afrika sal bid in Jesus naam.

Amen

STEPHEN EN TRUANDI

In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. Want dit is goed en aangenaam voor God, ons Verlosser.

I Timótheüs 2:1-3

Vader, ons dank U vir Stephen en Truandi en vir hul diens en toewyding om U te dien. Ons dank U dat hulle dra die vrugte van die Gees: Liefde, blydschap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.

Stephen en Truandi is U skepping van liefde en is met Christus gekruisig, hulle leef nie meer nie, maar Christus leef in hulle. Die lewe wat hulle nou lewe, leef hulle deur die geloof in U Seun Jesus Christus wat hulle liefgehad het en Homself vir hulle oorgegee het.

Vader, ons dank U dat Stephen en Truandi goeie grond is. Hulle hoor U Woord en verstaan dit, want die Woord het in hulle lewe vrug opgelewer. Hulle is soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hulle doen, voer hulle in die naam van Jesus voorspoedig uit.

Dankie Vader dat U vir Stephen en Truandi vul met die kennis van U wil in alle wysheid en geestelike insig, sodat hulle waardiglik voor U mag wandel Here, om U in alles te behaag en dat hulle in elke goeie werk vrug sal dra en in U kennis mag groei.

Stephen en Truandi is barmhartig, net soos wat hulle Vader ook is. Omdat hulle ander nie oordeel nie, sal hulle nie veroordeel word nie. Hulle veroordeel nie, daarom sal hulle nie veroordeel word nie. Ons leraars spreek ander vry en vergeef, daarom word hulle vrygespreek en vergewe. Ons leraars gee, en aan hulle word gegee. 'n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal weer in hulle skoot gegee word, want met dieselfde maat waarmee hulle meet, sal weer vir hulle gemeet word. Vader, dit is ons gebed dat hulle hul aan ander ontferm en uitleen. Hulle tree in al hulle sake reg op.

Here, U Woord is onwankelbaar. As U regverdige sal Stephen en Truandi daarom nooit wankel nie, hulle is verewig in U gedagtes. Vir slegte tyding is hulle nie bevrees nie, hulle is gerus, hulle vertrou is op U.

Die harte van Stephen en Truandi is vas op U, hulle vrees nie, hulle sal die neerlaag van hul vyande aanskou. Hulle gee mildelik aan die behoeftiges. Wat hulle doen, is reg en blywend. Hulle het guns by die mens en geniet hoë aansien.

Ons bid dat U planne en gedagtes in die lewens van Stephen en Truandi vervul sal word, en ons dank U vir U genade om hulle ontwil.

In die naam van Jesus, amen.

HARMONIE IN MY HUWELIK, EN DIE BESTAANBAARHEID IN ONS HUWELIK

Vader, U Woord sê dat U het U liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat U aan ons gegee het. Omdat U nou in ons is, erken en verklaar ons dat liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling. Ons het mekaar lief. Dit is die band wat ons tot volmaakte eenheid saambind.

Vader, in die naam van Jesus, bid en bely ek dat ek en _____ geduldig is teenoor mekaar; dat ons liefde teenoor mekaar vriendelik is; nie afgunstig nie, nie grootpraterig nie, nie verwaand nie. Ons liefde vir mekaar handel nie onweloweglik nie, ons soek nie ons eie belange nie, ons sal nie liggerraak wees teenoor mekaar nie, en ook nie boek hou van die kwaad nie. Ons liefde verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Ons liefde vir mekaar, in hierdie huwelik bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

Ons liefde sal in die waarheid van U Woord bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Ons verklaar op grond van U Woord; ons sal goedgesind en hartlik teenoor mekaar wees, en mekaar vergewe soos U ons ook in Christus vergewe het.

Ons verklaar ook dat ons tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat U verlang. Ons sal vrug dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God, want dit is U wat ons gewillig en bekwaam maak om U wil uit te voer. Ons blydschap is volkome deur eensgesind te wees: een van hart, een in strewing. Ons leef verstandig saam. Ons bewys eer aan mekaar en daarom sal ons gebede nie verhinder word nie. U staan gereed om te doen wat U beloof en gesê het oor ons.

Ons is navolgers van God en ons volg sy voorbeeld na net soos kinders hul ouers se voorbeeld volg. Dankie Vader dat ons huwelik groei daaglik net sterker en sterker omdat dit in U Woord en in U liefde gefundeer is. Ons bring aan U al die lof Vader, in Jesus naam.

Amen

VERKLARING OOR _____

Vader, in die Naam van Jesus, bid en verklaar ons U Woord oor _____ en omvou ons hulle met ons geloof. Geloof in U Woord dat U gereed staan om te doen wat U gesê het! Ons bely en glo dat _____ 'n dissipel van Christus is en deur U onderrig word. U Woord sê dat ons kinders sal 'n leerling van die Here wees, en hulle sal altyd vrede geniet.

Vader, ons weet op wie ons vertrou, en ons is daarvan oortuig dat U magtig is om wat U aan ons toevertrou – ons kinders, tot op die dag wanneer U weer kom, in stand te hou. Ons gee _____ se welstand en lewe eens en vir altyd vir U.

Ons bely en verklaar dat _____ as gelowige aan ons hul ouers gehoorsaam is, want dit is wat die wet van God vereis. _____ eer en respekteer en plaas hoë waarde aan ons hul ouers; want dit is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: Sodat dit met hulle goed mag gaan en hulle 'n lang lewe op die aarde mag hê. Ons bely en verklaar dat _____ U altyd lief sal hê, U te gehoorsaam en U aan te hang. Hulle kies die lewe in U. _____ is die kop, nie die stert nie, en hulle sal altyd bo wees, nie onder nie!

Ons glo en ons bely dat U sal U engele opdrag gee om ons kinders te beskerm waar hulle ook al gaan. U Here, is hul toevlug en hul veiligste vesting. U Here, beskerm ons kinders aan alle kante.

As ouers, sal ons nie fout soek by ons kinders nie, of so behandel dat hulle opstandig word nie. Ons sal aan hulle leiding gee oor hoe hulle moet leef, en wanneer ons kinders al oud is sal hulle nie daarvan afwyk nie.

Here, ons Here, hoe wonderbaar is U Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het! Kinders en suigeling besing die magtige werk wat U tot stand gebring het, om die vyand en wraakgieriges stil te maak. Met ons hele hart wil ons U prys, Here, wil ons van U magtige reddingsdade vertel. Oor U wil ons, ons verbly en vrolik wees, U Naam wil ons besing, o Allerhoogste. Euwel en elke negatiewe mag en omstandigheid draai sy rug op ons kinders in die naam van Jesus! _____ sal verstandelik en liggaamlik groei en in guns wees by God en die mense!

Amen

VERKLARING OOR MY HARTKLOP

Vader, ek dank U nou vir U goedheid oor my Hartklop. U goedheid skyn soos die son oor my Hartklop. U omring elkeen in my Hartklop met U goedheid, ontferming en U beskerming. Elkeen in my Hartklop se hart is gerus, vol vertroue op die Here.

Ek dank U nou dat elke lid in my Hartklop se lewe goeie vrug oplewer, en dat hul lewens 'n getuie is dat hulle aan U behoort. Ek dank U dat my Hartklop vrug van liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing het.

Omdat elkeen in my Hartklop sy lewe vir U neergelê het, leef U nou in elkeen van ons. Daarom is ons harte goeie grond waar U Woord groei en 'n oes gee wat alle verwagting oortref. My Hartklop sal wees soos 'n boom wat geplant is by baie waterstrome; en alles wat sy doen, voer sy voorspoedig uit.

Daarom hou ek ook nie op om vir elkeen te bid en te vra dat elkeen vervul mag word met die kennis van U wil in alle wysheid en geestelike insig. Ek dank U dat U weet wat U vir my Hartklop in gedagte het. Gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om ons 'n hoopvolle toekoms te gee.

Vader ek dank U nou vir my Hartklop en dat elke lid nooit te min sal hê om van te leef nie omdat elkeen 'n saaiër is en U vir ons sorg. Elke een is van kop tot tone oorlaai met goeie dinge. Ons ganse lewe loop oor van goedheid. Al die goeie dinge wat ons met ander deel, sal op verrassende maniere na ons toe terugkom.

Amen



ERROR: stackunderflow
OFFENDING COMMAND: ~

STACK: